HOOFSTUK 7

# DIE DEMOKRATIESE BEGINSEL IN GESAGSTOEPASSING

"Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het". (Rom. 12: 3)

## 7.1 Inleiding en doelstellings.

### 7.1.1 Die demokratiese skool.

Volgens H.A.T. is :

- 'n demokraat, "'n voorstander van regering deur gekose verteenwoordigers";
- demokrasie, 'n regeringsvorm deur verteenwoordigers uit die hele volk gekies. (Schoonees, en andere, 1965, p. 105).

Met 'n demokratiese skool word in hierdie hoofstuk bedoel, 'n skool waar die skoolhoof nie as outokraat, met alleenseggenskap, wil regeer nie, maar aan ander betrokkenes ook medeseggenskap in sekere sake wil gee. Verteenwoordigers van ouers, personeel en kinders word op die wyse in die regering van die skool betrek.

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n paar eienskappe van 'n demokratiese skool gegee.

- In 'n demokratiese skool het alle betrokkenes, ouers, onderwysers en kinders op een of ander wyse <u>medeseggenskap</u> in skoolsake.
- Aan elkeen, hoe gering ook al, word 'n plekkie as <u>deel</u> van die

skool /....

skool gegee.

- In 'n demokratiese skool word die hoof deel van die span en word die tradisionele vlakke en statusverskille tussen hulle wat besluit en hulle wat besluite moet uitvoer, in 'n mate geïgnoreer. (Chamberlain en Kindred, 1958, p. 423).

- By 'n demokratiese skool weet ondergeskiktes wat aan die gang is, want die bestuursfunksie is nie 'n geheime saak nie.

  Die demokratiese hoof "does not resign his absolute authority, which is a part function of the position to which he has been appointed; rather does he bring in the whole school to share it to the limits of the capacity of its various members". (Association for education in citizenship, 1947, p. 6).

- In die demokratiese skool word ondergeskiktes as medeverantwoordelikes betrek.[1]

  > "The problem of administering a school democratically becomes one of providing opportunities for the full participation of teachers, as well as pupils, parents, and other school employees, in the formulation of educational policies, the planning of sound programs, the execution of plans, and the evaluation of results. It is one thing to consult teachers and other interested individuals before decisions are reached and another thing to share with them the responsibility that goes along with the making of decisions. It is this latter area of common consent that characterizes democracy in school administration." (Chamberlain en Kindred, 1958, p. 423, onderstreping deur my).

### 7.1.2 Die demokratiese beweging in skole.

In die lande van die Weste waar daar demokratiese regeringstelsels is, is die idee nie nuut nie. Opvoedkundiges het begin pleit

1. Hierdie aspekte is in hoofstuk 5 behandel onder Organisasie en word ook in 7.2 aangeraak.

vir selfregering en A.S. Neill, McMunn en Caldwell Cook het die dressuur, negatiewe dissipline en dwangmetodes van die ou skool verwerp en gevra vir natuurlike vryheid beide wat die skoolwerk en handhawing van wet en orde in die skoolgemeenskap betref. (Keyter, 1936, p. 242).

Hierdie beweging was veral geïnisieer deur hulle wat van mening was dat die demokrasie sal misluk tensy die kinders ook oefening en opleiding daarin kry. So skryf 'n opvoedkundige in 1929 in Amerika : "One of the great inconsistencies in American education today is that we have failed to realize the impossibility of preparing children for a democracy, save as it is done in a democracy." (Germane, C.E. en E.G., 1929, p. 170). Op dieselfde bladsy wys die skrywer hoedat rekenkunde, spelling en letterkunde aangeleer word deur oefening en vra dan : "Are self-control, co-operation, fairness, courtesy, thrift, and tolerance to be learned in any other way?"

Hierdie skrywers wou die ideale van die pragmatisme bevorder, maar van hulle idees kan met vrug in die Christelike skool toegepas word, want die moderne wêreld het sekerlik 'n behoefte aan mense wat selfstandig kan dink en verantwoordelik, as individue, kan optree. As hierdie eienskappe dan beter in 'n demokratiese skool aangeleer kan word, sal elkeen wat dit met sy leerlinge erns meen, bepaald graag demokratiese beginsels in sy skool sien.

In 1976 skryf Detlef Glowka in Duitsland :

"Criticism of the traditional school constitution has drawn

attention /....

attention to the fact that current school legislation and the administrative structure of the German school system date back to the 'predemocratic period'". (Glowka, 1976, p. 7).

Dieselfde skrywer meld dat die aktiewe deelname van studente en hulle seggenskap in bepaling van skoolbeleid aansienlik toegeneem het. Verder word daarop gewys dat in die nuwere wette nou op twee maniere vir 'n meer demokratiese stelsel voorsiening gemaak word naamlik :

- "<u>At the base</u> - that is, in the schools - teachers, students, and parents should have improved opportunities to become co-responsible".
- "<u>At the top political level</u> - that is, in the parliaments - the school administrations should be given a stronger position of public responsibility. Traditionally, though parliament could to a certain extent control the Minister of Culture, it actually had little influence on the enormous apparatus of the school bureaucracy he headed". (Ibid. pp. 8 - 9, onderstreping deur my). Dit het veroorsaak dat belangrike onderwys en skoolsake nooit onder die parlement se aandag gekom het nie, maar deur die betrokke minister deur middel van regulasies afgehandel is. (Ibid.)

Die pogings en strewe om skole meer demokraties as in die verlede te maak, het min teenstand ondervind, want die ideale klink mooi. Die meeste opvoeders sal seker met Steward saamstem waar hy skryf :

"If from our educational system there come citizens who can think freely and act boldly; who can make decisions without prejudice, and be kind without weakness; who can bear gladly the responsibilities of liberty - then we may prove the falsity of the reproaches levelled at democratic education". (Steward, 1938, p. 48).

Die /....

Die primêre strewe was om goeie burgers, wat onder andere standpunt teen diktatoriale maatreëls kon inneem, te lewer. 'n Onderwysstelsel wat sonder propaganda en indoktrinasie moes wees, maar nie sonder beginsels nie, was die strewe.

Omdat sommige mense skepties kan wees wanneer 'n hoof laat blyk dat die demokratiese gedagte in die gesagstoepassing in sy skool volgens hom nuttig gebruik kan word, is dit dus nodig om kortliks te sê wat die demokrasie nie is nie :

"Democracy does not mean that all individuals are equal, that 'one is as good as another' in common phrase.
Democracy does not mean that there will not be organization of workers into groups with differing duties, degrees of responsibility, and differing rewards.
Democracy does not mean absence of authority, that no one shall issue orders, that no one shall direct another". (Barr, Burton en Brueckner, 1938, p. 54).

Waar demokratiese beginsels dus toegepas word, sal dit nie mag geskied omdat die hoof sy verantwoordelikheid wil afskuif of omseil of omdat hy agter komitees wil skuil nie, maar omdat hy oortuig is dat ondergeskiktes, wanneer hulle as deelgenote betrek word, beter sal saamwerk en ontwikkel.

## 7.2 Die demokratiese beginsels en personeel.

### 7.2.1 Personeelvergaderings, beleidskomitee en komiteestelsel.

Personeel het in die meeste gevalle medeseggenskap in 'n skool se sake. Personeelvergaderings en die besluite daar geneem was altyd 'n deel van die beleidsformulering in skole.

Deur /....

Deur gebruik te maak van komitees waarin personeellede dien, word aan hulle volgens demokratiese beginsels medeseggenskap gegee.

So het die vraelys by vraag 43 aan die lig gebring dat besluite oor die aard van 'n matriekafskeidsfunksie demokraties geneem word. Slegs by een geval besluit die hoof alleen; in 2% gevalle besluit die hoof na raadpleging van personeel en beheerraad. In 32% gevalle berus die besluit by 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van standerd nege-leerlinge, hul ouers, hul voogonderwysers en standerdvoog. Dit is wel in die helfte van die gevalle gemeld dat die beheerraad geken moet word en in bykans 100% gevalle dat die hoof die finale sê moet hê, maar die antwoorde dui duidelik die demokratiese tendens in skole aan. Personeelvergaderings besluit in 28% gevalle oor die aard van dié funksie. In 15% gevalle besluit die hoof en standerd nege-onderwysers na aanbevelings deur die standerd nege-leerlinge en in nog 15% gevalle besluit die "Beleidskomitee" wat bestaan uit die hoof, vise-hoofde en senior assistente.

Die stelsel om aan die personeel beleidmakende magte te delegeer, is in hoofstuk 5 behandel. Hier moet weer gemeld word dat dit bepaalde voordele het en die algemene standaard van werk behoort te verbeter, omdat kameraadskap, groter verantwoordelikheid en belangstelling sal veroorsaak dat die groep 'n lid sal veroordeel wat in die stelsel probeer om sy plig te ontduik. Dit vergemaklik die hoof se kontroletaak.

7.2.2 /....

7.2.2 Voordele vir personeel.

Volgens Chamberlain en Kindred sal die personeel bepaalde demokratiese gewoontes openbaar soos onder andere :

- Hulle respekteer individue se persoonlikhede en konsidereer ander se regte.
- Hulle gee samewerking aan ander.
- Hulle gebruik hulle talente vir individuele- en gemeenskapsvoordeel, ontdek hul eie tekortkominge en probeer daarop verbeter indien moontlik.
- Hulle gee leiding en volg leiers, tot voordeel van die taak na die beste van hul vermoë.
- Hulle aanvaar verantwoordelikheid en los probleme op deur denke en verlaat hulle nie op emosionele of dwangmetodes nie.
- Hulle openbaar selfbeheersing ter wille van algemene voordeel.
- Hulle aanvaar die meerderheidsbeslissing, maar het respek vir minderhede se opinie.
- Hulle is verdraagsaam, dink, praat en handel vryelik, maar konsidereer ander se regte.
- Hulle pas hulle by verandering in omstandighede aan tot voordeel van individue en gemeenskap.
- Hulle soek voortdurend na die mees effektiewe wyses om in 'n demokratiese stelsel te leef en te werk.
- Hulle probeer om deur eie voorbeeld ander te lei na 'n demokratiese leefwyse. Die mate waarin hierdie eienskappe aangeleer word, sal volgens hulle afhang van "the extent to which opportunities are provided for their participation in the development of school programs". (Ibid. 1958, p. 424). Dit is sekerlik waar, maar dieselfde eienskappe kan bepaald ook op ander metodes aangeleer word en die meeste is vir Christene 'n vanselfsprekende deel van hul strewe.

7.2.3 Waarde vir die skool.

Dieselfde skrywers dui die voordele,wat die stelsel vir skole het, aan en sê onder andere :

- Die moreel verhoog en dit bevorder begrip vir administratiewe probleme en lei tot voortdurende verbetering in bevelvoeringsbeleid en programme.
- Die mate waarin eenstemmigheid bereik word in besluite oor aktuele probleme, verhoog.
- Dit lei tot herdefiniëring van opvoedingsdoelstellings en klaskamerpraktyke word aangepas en verbeter.
- Elkeen se onderskeidende bydrae word ontvang en geleenthede ontstaan waarin onderwysers erkenning kan ontvang van hul kollegas en leiers. (Ibid. p. 425).

7.2.4 Die beginsels van toepassing vir 'n demokratiese administrasie.

Dit word deur dieselfde skrywers behandel. (pp. 425 - 428). Kortliks kom dit hierop neer :

- Die beleid en opvoedkundige program moet gesamentlik deur onderwysers en hoofde opgestel word en gesag moet eweredig versprei word tussen hulle wat aan die proses deelneem.
- Beplanning moet uit erkende behoeftes van die geaffekteerdes groei en moet op goed georganiseerde feite gebaseer wees.
- Verantwoordelikheid vir die beleid en program se uitvoering moet by die hoof of by komitees aan wie dit spesifiek toegewys is, berus.
- Onderwysers moet die reg hê om van bestaande beleid en programme te verskil en aanbevelings te maak ter verbetering daarvan.
- Onderwysers moet die reg hê om hul eie professionele organisasies te vorm.
- Skoolorganisasie moet op grondige begrip van die menslike

natuur en ware respek vir die menslike persoonlikheid berus.

- Administrasie moet buigsaam en aanpasbaar by behoeftes en omstandighede wees.
- Die resultate van gesamentlike beplanning moet voortdurend aan evaluering onderhewig wees.
- Doeltreffendheidstandaarde vir professionele take en die gebruik van materiële hulpmiddels moet opgestel en te alle tye toegepas word.

7.2.5 Kritiek en aanbevelings.

Om met personeel op hierdie demokratiese wyse te handel het seker meer voordele as nadele. Die vraelys het egter openbaar dat meer as 50% van die betrokke hoofde nog meer as 50% van hulle beslissings neem sonder raadpleging van ander (vraag 36, p. 68). Die hoofredes hiervoor is seker tyd en verantwoordelikheid.

Daar is net nie die tyd om altyd lang vergaderings te hou en geduldig te luister hoedat onervarenes 'n saak beredeneer nie. Die rooster moet gemaak word en hoe meer idees daarin opgeneem moet word, hoe moeiliker word dit nog soms. Personeelleiding en opleiding kan heelwaarskynlik net so doeltreffend, (vergelyk hoofstuk 5) maar met minder tydverkwisting geskied as wat die oorbeklemtoning van die demokratiese beginsels sou verg.

Hoofde bly verantwoordelik vir die uiteindelike uitvoering van die besluite en die toedrag van sake in hul skole. Daar moet noukeurig rekening gehou word met alle regulasies van die werkgewende departement, (dit is op sigself reeds moeilik - sien antwoorde op vraag 46 nr. 1, p. 72) dan moet almal volgens Christelike kodes gekonsidereer word en daarna moet besluite

van 'n vergadering uitgevoer word. As die vergadering nie self met uitvoering van planne help nie, is die stelsel gedoem en is dit net nog 'n plek waar werk uitgedink word vir iemand anders. 'n Besluit soos : "Daar moet daadwerklik gepoog word om inflasie te bekamp deur op die twee hektaar agter die skool met groente te boer" help niks en vergemaklik nie die bestuur se taak nie.

As die demokratiese idee nie oordoen word nie en dit nie 'n forum skep vir beleidsopposisie en kritiek teen owerhede nie en saam uitvoer dit waarop saam besluit word, verdien dit 'n geleentheid in alle skole en behoort dit aanbeveel te word.

Die hoof wat die beperkte "ek" van die outokraat kan los "finds a fuller self as the guide and stimulus of a creative community" (Association for Education in Citizenship, 1947, p. 6). So 'n hoof se persoonlikheid deurstraal sy hele skool, maar op 'n wyse dat niemand hom gou sal mis as hy hom 'n rukkie sou terugtrek of afwesig wees nie.

## 7.3 Die demokratiese beginsel en leerlinge.

### 7.3.1 Inleiding en noodsaaklikheid.

'n Mens reageer op sy omgewing en sal daarom voortdurend as gevolg van omgewingsinvloede verander. (Dewey, 1963, pp. 10 - 22).

As die stelling aanvaar word, sal opvoedkundiges, deur die omgewing waarin kinders opgroei kunsmatig te verander, probeer om bepaalde karaktertrekke by leerlinge tuis te bring.

Kinders wat in 'n omgewing opgroei waar hulle geen opinie gegun word nie, sal heelwaarskynlik uiteindelik nie 'n goed gevormde opinie hê nie. So sal hulle aan wie geen verantwoordelikheid tydens vormingsjare gegee word nie, heelwaarskynlik min verantwoordelikheidsin as volwassenes hê. Dieselfde geld vir leierskap.

Met hierdie agtergrond het skole in die afgelope tyd al hoe meer probeer om leerlinge se leierskap te ontwikkel deur aan hulle oefengeleenthede daarvoor te bied. Hiervoor pleit opvoedkundige leiers :

> "As die stelling dat daar vandag 'n skreiende tekort aan leiers op haas alle terreine en vlakke van die lewe is aanvaar word, dan is dit daar en nêrens anders nie waar met vernuwing begin moet word. Hierdie vernuwing kan, volgens mnr. Janson, sonder bykomende geboue, geriewe, fasiliteite en dus sonder bykomende koste en ook sonder enige organisatoriese of administratiewe verandering ingedra word." (Janson, 1974, p. 3).

In 1941 toe Gutsche se boek verskyn het, was daar maar 47,6% van die Afrikaanse hoërskole op die platteland wat een of ander prefektestelsel gehad het. (Gutsche, 1941, p. 276). Met die huidige vraelys is vasgestel dat 100% van die skole wat op die vraelys gereageer het, tans so 'n stelsel het. (Vraag 10, p. 60).

Dit kan dus geredelik aanvaar word dat leerlingrade of prefekstelsels tans algemeen as noodsaaklik aanvaar word en dat die ou beswaar wat soms voorgekom het, naamlik dat dit slegs vir die prefekte self 'n bietjie waarde het, nou onder andere 'n rede geword het waarom so 'n stelsel juis gebruik word.

7.3.2 Begrippe, prefek en leerlingraad.

Oor die onderwerp is daar reeds baie gesê. Daar is verskeie stelsels in gebruik. Die naam prefek kom uit die geskiedenis en dit was 'n Romeinse amptenaar "wat toesig hou". Volgens H.A.T. is 'n prefek "'n senior leerling met 'n sekere mate van gesag beklee". (Schoonees, 1965, p. 661). Vir die doel van hierdie verhandeling en hoofstuk sal nie gelet word op die prefek wat van bo, deur gesag, aangestel word nie. Hierdie prefek het hoofsopdragte en tree op as 'n soort "skoolpolisieman". So 'n stelsel is outokraties en dus nie op die terrein van hierdie hoofstuk nie.

Leerlingrade word normaalweg redelik demokraties verkies. 'n Raad is volgens H.A.T. "'n adviserende of besturende liggaam". So 'n raad kan ook outokraties aangewys word met begrensing van adviserende- en bestuursfunksies. (Schoonees, 1965, p. 674).

7.3.3 Demokratiese verkiesings.

Klasleiers vir elke registerklas word gewoonlik deur die klas se leerlinge op demokratiese wyse verkies en met sekere take en verantwoordelikhede belas.

Die verkiesing van die leerlingraad of prefekte verskil baie van skool tot skool. Die hele probleem word mooi beskryf in die Huisgenoot van 9 Julie 1976. Die hele artikel is ter sake, maar hierdie aanhaling illustreer die situasie goed.

"Moet almal in die skool die stemreg hê? Party sê ja; andere sê nee - die sessies is nog te onnosel. Sommige heg

> verskillende gewigte aan die stem van 'n leerling ooreenkomstig sy standerd. So kan 'n sessie net een stem hê, 'n sewetjie s'n tel al twee en so voort tot 'n matriekleerling se vyf en dalk 'n leerlingraadslid se tien. "Bog," het 'n vroeëre kollega gesê, "bog met al die fieterjasies. Ek laat almal stem, maar êk têl die stemme. So kry ek die leerlingraad wat êk wil hê". Toe ek hom daarop wys dat dit nie baie demokraties en eerlik is nie, het hy as verweer gesê dat hy sy kinders ken en dat hy beter as hulle weet wie vir sy skool iets en wie niks sal beteken nie. Ek weet nie. Hoe het Lincoln gesê? Of was dit Washington? "No man can fool all men all the time"." (Van Niekerk, 1976, p. 58).

En dit is waar. Wanneer dit by hoofseun en hoofdogter kom, wil die Beheerraad soms graag die finale sê hê, of die personeel voel dit is hulle voorreg, maar die beleidskomitee glo dat hulle beter toegerus is om te oordeel en die hoof bly die verantwoordelike persoon wat met die hoofseun saam moet bou.

Uit die vraelys blyk dit dat die leerlingraad in die meeste gevalle verkies word deur die leerlinge en personeel, maar met personeel-vetoreg (75%). Die demokratiese verkiesing deur leerlinge alleen word in een geval gebruik en by twee skole het slegs die personeel stemreg. 'n Suiwer demokratiese verkiesing deur personeel en leerlinge kom voor (16%). Ander metodes wat bestaan, word min gebruik. (Vergelyk hoofstuk 3, vraag 12, p. 60).

Op vraag 11 (p. 60) moes hoofde antwoord of hulle weet om watter kerk hul hoofseun en hoofmeisie behoort. Daar is 91% wat weet en dit wys dat daar noue kontak tussen die kinders en skoolhoofde is. In 42% was die antwoord : "Ja, ek maak seker",

terwyl 49% terloops weet. Twee hoofde weet nie aan watter kerk hul hoofprefekte behoort nie en 7% sê dit maak nie saak nie. Daar was hoofde wat beswaard was oor die vraag en gemeld het dat kerkverband geensins 'n verkiesing beïnvloed nie (7%).

Hoofde vind dat leerlinge oor die algemeen tydens verkiesings goed kies (63%). Daar is 30% wat ondervind dat leerlinge uitstekend kies terwyl slegs 3% van mening is dat kinders oor die algemeen swak stem. (Vraag 20, p. 63).

Die gegewens wat uit vraag 27 en 28 (p. 66) verkry is, dui daarop dat 3,1% van die leerlinge in die skole in leerlingrade dien. Vir seuns is dit 3,3% en vir dogters 2,9%. Dit wil dus voorkom asof daar vir elke 100 leerlinge 3 leerlingraadslede behoort verkies te word. Daar is skole waar maar 1,5% en 1,8% van die totale aantal leerlinge, leerlingraadslede is en dan is daar gevalle waar die raad 6,1% van die leerlingtal is.

In 'n soortgelyke ondersoek het King in Engeland gevind dat die persentasie leerlinge wat tot prefekte verkies word (as 'n persentasie van die hele skool) wissel van 4,7% tot 8,7% met 'n gemiddelde van byvoorbeeld 7% in alle "grammar schools" (King, 1973, p. 142).

7.3.4 Pligte van leerlingrade.

Hier kan 'n baie lang lys saamgestel word en dit sal van skool tot skool wissel. Dit is egter nodig om op 'n paar aspekte te let.

* Leerlinghof. Die gebruik om leerlinge toe te laat om oortreders te verhoor, het sekerlik voordele. Dit word onder andere gelees in : (Mackay, 1931, pp. 27 - 34); (Craddock, 1920, pp. 77 - 80). Laasgenoemde gee selfs die belofte wat lede van die hof moes aflê (p. 78) :

  "I hereby promise to try justly and fairly, to the best of my ability, any case brought before me for trial, and to give such counsel as, in my opinion, will best secure the good ordering of my form".

  Hy wys op die voordele van die stelsel en kom tot die gevolgtrekking "On the moral side, the chief advantage lies, I think, in the fact that offences are seen to be offences against the community and not against individuals". (p. 80).

  Volgens Gutsche was die stelsel in 25% van die Amerikaanse skole ingestel. Hy haal verskeie outoriteite aan om die stelsel te veroordeel. Die hoofbeswaar hierteen is dat leerlinghowe se strawwe buite verhouding swaar is (1941, p. 291). As die hoof of personeel strawwe mag veto en oortreders mag begenadig, kan die metode tog soms met vrug gebruik word en so 'n hof kan vir 'n bepaalde saak ingestel en daarna weer ontbind word.

* Toesig hou oor leerlinge gedurende pouses, tydens reise en besoeke aan ander skole is 'n belangrike taak van leerlingraadslede.

* Hulle is verantwoordelik vir die handhaaf van orde, tydens klaswisseling, aantree in rye en saalbyeenkomste.

* Hulle is verantwoordelik vir netheid van leerlinge en sien toe dat kleredrag- en ander voorskrifte in verband met voorkoms van leerlinge nagekom word.

* Die netheid van geboue, terrein en waskamers is deel van hul pligte.

* Hulle is medeverantwoordelik vir organisasie van funksies,

sportbyeenkomste /....

sportbyeenkomste en tree op as gashere vir besoekende skoliere.

* Hulle reël vlaghysingseremonies, oriënteer en ontvang nuwe leerlinge en sien om na die belange van minderes.

So kan aangehou word. [1] (Gutsche, 1941, pp. 291 - 292; Taute, 1942, p. 176; King, 1973, pp. 142 - 143; Van der Walt, 1960, pp. 121 - 122; Bray, 1924, p. 301).

7.3.5 Kritiese beskouing en aanbevelings.

* As die leerlingraadstelsel ingestel word om leerlinge oefening in demokratiese beginsels te gee moet lede op demokratiese wyse verkies word.

* Die voordele van die stelsel is baie en regverdig die probleme wat daarmee gepaard gaan.

  "It is a noteworthy fact that children themselves have a close working knowledge of child emotions and child mentality". (Bray, 1924, p. 297).

  "One head teacher after another tells of its marvellous results;" (Ibid. p. 301).

* In die verband moet bygevoeg word dat die onbetrokke en ongemotiveerde jeugdiges wat in die 20e eeu gekweek is, moontlik 'n gevolg is van 'n stelsel waar die jongmens nie betrek is nie, waar hy nie 'n opinie gegun is nie en 'n passiewe ontvanger moes wees van kultuurgoedere wat hy nie help keur het nie en nie help maak het nie. Opvoeding vereis tweerigting-verkeer en verantwoordelikheid. "Ook die jeugdige, die ongevormde, moet hierin aktief betrokke wees, sodat sy verantwoordelikheid tot ontwikkeling en

---

1. Alles word darem nie moeiliker nie. "To referee fights" (Gutsche, 1941, p. 292) is vandag seker nie meer een van die leerlingraadspligte by hoërskole nie.

ontplooiing kan kom. Hierdie faset van die opvoeding impliseer dus 'n gesagsbeskouing wat ook inisiatief en spontaneïteit van die kant van die jeugdige aanvaar en aanmoedig en juis daarvoor ruimte skep". (Botha, 1975, p. 35). Is 'n leerlingraadstelsel nie 'n ideale plek om leerlinginisiatief, spontaneïteit en verantwoordelikheid aan te moedig nie?

* Ten spyte van die voordele is daar sekere voorbehoude :

- Leerlingraadsaktiwiteite moet gekontroleer word.
- Die leerlingraad moenie ontaard in 'n sosiale klub met die klem op voorregte en regte nie "In some schools the prefects form a privileged sect, ..... They cannot be said in any way to represent the pupils, although there can easily be a feeling among them of 'We own the school!'" (Association for education in Citizenship 1947, p. 21).
- Die finale beslissing in alles moet by die hoof berus, want hy is die verantwoordelike persoon in die laaste instansie.
- Die posisie van onderwysers as deskundige moet ten volle erken en gerespekteer word.
- Leerlingrade moet nie vir sake verantwoordelik gehou word wat bo hulle vermoë, ontwikkelingspeil en ouderdomsbelangstellings val nie. (Ibid. p. 13).
- Die stelsel moenie toelaat dat kinders gebruik of misbruik word om werk te doen waarvoor ander mense betaling ontvang nie.
- Leerlingraadslede se skoolwerk moet nie uitermate onder hulle addisionele pligte en verantwoordelikhede ly nie.
- Leerlingraadslede moet presies ingelig word oor die doelstellings van die raad. Dit help nie om hulle te laat verkies en daarna aan hulle eie lot oor te laat nie : 'n Hoof sê : "hulle skep hulle pligte self" (Gutsche, 1941, p. 292). King doen aan die hand dat prefekte veral twee doeleindes het :

.. "to be agents of social control and
.. to act as role models" (1973, p. 149).

As hulle presies weet dat hulle die ideale voorbeeld moet stel en hulle skool en maats verteenwoordig, kan hulle daarvolgens optree.

* Daar moet 'n "Reglement van die leerlingraad" wees. Gutsche sê "daar moet 'n definitiewe konstitusie wees, waarin die voorregte van prefekte noukeurig omskryf word". (1941, p. 296). Taute (1940, p. 175) gee 'n voorbeeld van so 'n konstitusie. By hierdie verhandeling word (Bylae D) ook 'n voorbeeld van 'n reglement ingesluit.

* Daar moet presies besef word dat die leerlingraad 'n opvoedkundige hulpmiddel is - ingestel vir oefening in demokratiese beginsels en leierskap. Om te probeer bepaal wat hoofde se standpunt oor die belangrikste funksies van die leerlingraadstelsel is, was vraag 48 (p. 73) in die vraelys ingesluit. Die antwoorde word hier aangegee in volgorde van belangrikheid.

- Dit gee aan jong leiers geleentheid om leierskap te ontwikkel (89%).
- Help met orde handhaaf by die skool (73%).
- Dit skep 'n demokratiese gees in die skool (57,7%).
- Dit dien as inspraakmiddel (54%).

Hoofde het verdere funksies genoem :

.. Dit dien as skakel tussen leerlinge en personeel en hoof.
.. Dit help om trots en samehorigheid te bou.
.. Dit leer kinders verantwoordelikheid.
.. Leerlingraadslede moet help besin, beplan en uitvoering gee aan besluite.
.. Die raad vergemaklik pligte van die personeel.
.. Dit bevorder leerlinge se samewerking.
.. Hulle stel 'n voorbeeld aan ander leerlinge.
.. Leerlinge aanvaar beslissings komende van leerlinge makliker.

Vir die doeleindes van hierdie studie kan aanvaar word dat leerlingrade noodsaaklik is en 'n waardevolle bydrae tot die gesagstoepassing in hoërskole lewer.

7.4 Samevatting.

Hierdie hoofstuk kon aandui dat daar 'n skynbare teenstrydigheid in gesagstoepassing is wanneer dit by die demokratiese beginsel in skole kom. Die "weggee" van gesag in 'n demokratiese skool lei tot die verkryging van meer gesag deur so 'n hoof. Die hoof wat 'n plek aan elkeen in sy skool gee, kry 'n plek in elkeen se hart en het daarom meer gesag as hy wat alle gesag vir homself reserveer.

Daar moet hier tog gewaarsku word. Kinders het nêrens belowe om hulself in die vrese van die Here op te voed nie. Sonder om ondemokraties te wees, kan opvoeders nog hulle prioriteite reg hou en koers bepaal omdat hulle weet waarheen hulle wil; self en met diegene aan hulle toevertrou.

As Du Plessis gelees word, moet daar nog sterker gewaarsku word teen die demokratiese beweging in die onderwys. Hy sê : "Die grondbeginsel van die Demokrasie as ideologie is dat die meerderheid altyd reg is en dat die minderheid hom by die meerderheidsbesluite moet neerlê. Dit is dus 'n duidelik uitkenbare antroposentriese benadering". Hy sê dat die meerderheid verkeerd kan wees. (1974, p. 78).

Nou mag die mooie wat in die hoofstuk aanbevelenswaardig was nie sonder meer as demokraties, verkeerd en on-Christelik afgemaak word nie. Nee, die Christen kan ook demokraat wees, maar dan sal sy prioriteite reg wees en sal hy weet wanneer om na mense - meerderhede

of minderhede - te luister. Hy sal egter in alles eerstens na God luister. Hy sal weet waaroor hy bereid is om te redeneer en waaroor nie. Hy sal die demokratiese beginsels gebruik tot eer van God en nie toelaat dat hulle hom gebruik nie. Dit spreek tog vanself : as 'n skoolhoof die meerderheid sou toelaat om in alle sake te besluit, sal daar selde, indien ooit, 'n steek werk in sy skool gedoen word. Verder, 'n skoolhoof kan nooit volkome demokratiese leier wees nie, want hy is nie deur die meerderheidstem van die groep verkies nie, maar oor hulle aangestel. Hy verteenwoordig hulle nie, is nie verantwoording aan hulle verskuldig nie, maar aan sy werkgewers - die Onderwys-departement - en die ouers en aan God wat hom as mens met 'n taak in aansyn geroep het. Sy doel is immers om deur Christelike opvoeding, met alle middels wat daartoe kan bydra, die jeugdige toe te rus om in die huidige kultuur, God se roeping te kan hoor en op 'n verantwoorde wyse daarop te kan antwoord. (Botha, 1975, pp. 34, 35 waar sy Van Brummelen aanhaal.)